# Sommige Messiaanse profesieë in die Ou Testament

www.matthew28.co.za

# Profesieë oor die Messias

- **Profesieë in die Ou Testament profeteer in detail met betrekking tot die Messias**, Jesus Christus. Om die waarheid te sê, nie net ‘n paar nie, maar meer as 300 (driehonderd) profesieë is gemaak deur verskillende profete van verskillende tydperke wat akkuraat, sommige tot meer as duisend-jaar voor die tyd, die Messias voorspel het.
- Hier word verwys na detail soos geboorteplek, jaar van gebeure, Naam van die Messias, wyse van geboorte, Sy spesifieke optrede, hoe Hy sou voorkom, hoe mense teenoor Hom sou optree, die doel van Sy bediening op aarde, wanneer en hoe Hy doodgemaak sou word, dat Hy uit die dood sou opstaan, dat Hy sou opvaar na die hemel en dat Hy sal terugkeer aarde toe.
- Laasgenoemde is die enigste profesie wat nog nie in vervulling gekom het nie. Ons het self die keuse om te besluit of ons daarmee wil versoen, of nie.

# Die Messias sal wonderwerke doen

| | |
|---|---|
| Jesaja 35:5-6 *"[5]Blindes sal kan sien, dowes sal kan hoor, [6]lammes sal kan rondspring soos takbokke, stommes sal kan sing. Strome water sal uit die woestyn uit bars; daar sal riviere loop in die droë wêreld"* (Geskryf ongeveer 750 jaar voor Christus) | Jesus het baie wonderwerke kom doen, die grootste daarvan is die feit dat Hy uit die dood opgestaan het. Sy wonderwerke is ook voor baie ooggetuies gedoen en dus nie in isolasie nie. Met ander woorde, indien die outeurs van die Evangelies in die Nuwe Testament gelieg het, sou daar baie mense gewees het wat sou gesê het dat dit nie waar is nie. Dit is egter nie die geval nie!<br>Paulus getuig in 1 Korintiërs 15:3-8 *"[3]Die belangrikste wat ek aan julle oorgelewer het en wat ek ook ontvang het, is dit: Christus het vir ons sondes gesterf, volgens die Skrifte; [4]Hy is begrawe en op die derde dag opgewek, volgens die Skrifte. [5]Hy het aan Sefas verskyn, daarna aan die twaalf, [6]en daarna aan meer as vyfhonderd broers tegelyk, van wie sommige al dood is maar die meeste nou nog lewe. [7]Daarna het Hy aan Jakobus verskyn en toe aan al die apostels. [8]Heel laaste het Hy ook aan my, die ontydig geborene, verskyn."*<br>Jesus het ook blindes, dowes en lammes gesond gemaak sodat die Seun van God verheerlik kan word. Met ander woorde, sodat ons Sy Naam kan ken en kan weet dat Hy die Messias is wat deur die Ou Testament voorspel is.<br>Johannes 9:3-7: *"[3]En Jesus antwoord: 'Dit is nie deur sy eie sonde nie en ook nie deur sy ouers s'n nie, maar hy is blind sodat die werke wat God doen, in hom gesien sal kan word. [4]Solank as dit nog dag is, moet ons die werk doen van Hom wat My gestuur het; die nag kom, wanneer niemand kan werk nie. [5]Terwyl Ek in die wêreld is, is Ek die lig vir die wêreld.' [6]Nadat Hy dit gesê het, spoeg Hy op die grond en maak met die spoeg 'n bietjie klei aan. Toe smeer Hy die klei aan die man se oë [7]en sê vir hom: 'Gaan was jou in die Siloambad.' Siloam beteken die een wat gestuur is. Hy het gegaan en hom gewas, en toe hy terugkom, kon hy sien."*<br>Dit is ook wonderlik om te sien dat Jesus die profesieë volmaak volbring het, volgens die Skrifte. Met ander woorde, dit het gebeur in konteks tot die Skrif, dit was nie net 'n enkele insident nie. Jesaja het voorspel dat strome water sal uitbars – Jesus het tydens die Huttefees uitgeroep: Johannes 7:37-38: *"[37]….As iemand dors het, laat hy na My toe kom en drink! [38]Met die een wat in My glo, is dit soos die Skrif sê: Strome lewende water sal uit sy binneste vloei."* Gedurende Huttefees het hulle water geskep in die poel van Siloam (Die een wat gestuur is – Jesus) en by die altaar gaan uitgestort. Lees gerus ook Johannes 5 om te sien hoe Jesus 'n verlamde man genees het. |

# Die Koning kom en ry op ‘n donkie Jerusalem binne

| | |
|---|---|
| Sagaria 9:9: *“Jubel, Sion! Juig, Jerusalem! Jou Koning sal na jou toe kom. Hy is regverdig en Hy is ‘n oorwinnaar, Hy is nederig en Hy ry op ‘n donkie, op die hingsvul van ‘n donkie.”* (Geskryf ongeveer 450 jaar voor Christus). | **Jesus ry Jerusalem binne op ‘n donkie**: Lukas 19:33-37: *“33Terwyl hulle die donkie losmaak, vra sy eienaars vir hulle: ‘Waarom maak julle die donkie los?’ 34Hulle antwoord: ‘Die Here het hom nodig.’ 35Toe bring hulle die donkie na Jesus toe. Daarna gooi hulle van hulle klere op sy rug en help Jesus opklim. 36Terwyl Hy aanry, het hulle van hulle klere op die pad oopgegooi. 37Toe Hy naby die stad kom, teen die afdraand van die Olyfberg, het die hele skare juigende volgelinge God uit volle bors begin prys oor al die wonderwerke wat hulle gesien het.”* Let op dat Jesus dieselfde tyd (ongeveer Nisan 9) in Jerusalem ingery het op die donkie as wat die pelgrims in Jerusalem aangekom het om Paasfees te vier. Hulle moes dan ‘n lam, sonder gebrek, kry en die lam by die Tempel aan die priester gaan wys om goedgekeur te word. Daarna moes hulle die lam voer tot Nisan 14 wanneer die lam geslag is teen laat middag. Jesus het as die volmaakte Lam, sonder gebrek, in Jerusalem aangekom saam met die pelgrims. Hy is gevange geneem en na Herodus en Pilatus geneem wat beide Jesus sonder gebrek verklaar het. Daarna is Jesus op Nisan 14 gekruisig en het Hy gesterf aan die kruis teen laat middag. |

# Die Dienaar deurboor vir ons sondes

Jesaja 53:1-12: *“[1]Wie sal ons glo as ons hiervan vertel? Wie sal die mag van die Here hierin kan raaksien? [2]Die dienaar was soos ‘n loot wat voor die Here uitspruit, soos ‘n plant wat wortel skiet in droë grond. Hy het nie skoonheid of prag gehad dat ons na hom sou kyk nie, nie die voorkoms dat ons van hom sou hou nie. [3]Hy was verag en deur die mense verstoot, ‘n man van lyding wat pyn geken het, iemand vir wie die mense die gesig wegdraai. Hy was verag, ons het hom nie gereken nie. [4]Tog het hy ons lyding op hom geneem, ons siektes het hy gedra. Maar ons het hom beskou as een wat gestraf word, wat deur God geslaan en gepynig word. [5]Oor ons oortredings is hy deurboor, oor ons sondes is hy verbrysel; die straf wat vir ons vrede moes bring, was op hom, deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom. [6]Ons het almal gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop, maar die Here het ons almal se sonde op hom op hom laat afkom. [7]Hy is mishandel, maar hy het geduldig gebly, hy het nie gekla nie. Soos ‘n lam wat na die slagplek toe gelei word en soos ‘n skaap wat stil is as hy geskeer word, het hy nie gekla nie. [8]Terwyl hy gelei het en gestraf is, is hy weggeneem, en wie van sy mense het dit ter harte geneem dat hy afgesny is uit die land van die lewendes? Hy is gestraf oor die sonde van my volk. [9]Hy het ‘n graf gekry by goddeloses, hy was by sondaars in sy dood al het hy geen misdaad gepleeg nie en al was hy nooit vals nie. [10]Dit was die wil van die Here om hom te verbrysel, om hom die pyn te laat ly. As hy sy lewe as skuldoffer gee, sal hy ‘n nageslag hê en nog lank lewe, deur hom sal die wil van die Here sy doel bereik. [11]Na sy bitter lyding sal hy weer die lig sien en hy sal die Here ken. My dienaar, die regverdige, sal baie mense regverdig maak: hy sal die straf vir hulle sonde dra. [12]Daarom gee Ek hom ‘n ereplek onder die grotes. Hy sal saam met magtiges die oorwinning vier omdat hy hom in die dood oorgegee het en as misdadiger beskou is, omdat hy die sondes van baie op hom geneem het en vir oortreders gebid het.”*

**Ongeveer 700 jaar na die profesie is Christus gekruisig. Hy het nie gekla terwyl Hy mishandel is nie.**

Markus 14:60-64: *“[60]Toe het die hoëpriester in die Raad opgestaan en Jesus begin ondervra: ‘Verweer jy jou glad nie?’ het hy gesê. ‘Wat van die getuienis wat hierdie mense teen jou inbring?’ [61]Maar Jesus het niks gesê nie en Hom glad nie verweer nie. Die hoëpriester het Hom vêrder ondervra. ‘Is jy die Christus, die Seun van Hom aan wie die lof toekom?’ het hy Hom gevra. [62]’Ek is,’ het Jesus geantwoord, ‘en julle sal die Seun van die mens sien waar Hy sit aan die regterhand van Hom wat magtig is, en wanneer Hy kom op die wolke van die hemel.’ [63]Toe skeur die hoëpriester uit verontwaardiging sy klere en sê: ‘Waarvoor het ons nog getuies nodig? [64]Julle het die godslastering gehoor. Hoe lyk dit vir julle?’ Hulle het Hom eenparig veroordeel: ‘Hy verdien die dood!’”*

**Die profesie deur Kajafas oor Jesus:** Johannes 11:49-51: *“[49]Een van hulle, ‘n sekere Kajafas, wat daardie jaar hoëpriester was, het egter vir hulle gesê: ‘Julle verstaan niks, [50]en julle besef ook nie dat dit tot julle voordeel is dat een man vir die volk sterwe en nie die hele nasie verlore gaan nie. [51]Dit het hy nie uit sy eie gesê nie, maar omdat hy daardie jaar hoëpriester was, het hy geprofeteer dat Jesus vir die nasie sou sterwe.’”*

**Matteus bevestig dat hy oor Jesus getuig:** Matteus 8:17: *“So is vervul wat deur die profeet Jesaja gesê is: ‘ Hy het ons lyding op Hom geneem, ons siektes het Hy gedra.’”*

**Selfs die plek waar Jesus gekruisig is, is deur die gebruike van die ou verbond bevestig en voorspel. Sien** Hebreërs 13:11-12 : *‘[11]Die bloed van die offerdiere word deur die hoëpriester in die heiligdom ingebring vir die sonde, maar hulle liggame word buitekant die laer verbrand. [12]Daarom het Jesus ook buitekant die stadspoort gely om die volk deur sy eie bloed van hulle sonde te reinig.”*

# Die Messias sal na drie dae uit die dood opstaan

| | |
|---|---|
| Hosea 6:2 (722vC): *"Hy sal ons na twee dae 'n nuwe lewe laat begin. Hy sal ons op die derde dag weer krag gee sodat ons in Sy teenwoordigheid kan leef."* | **Meer as 700 jaar later het Jesus self geprofeteer dat dit wat die profete oor Hom geskryf het vervul sal word:** Lukas 18:31-33: *"[31]Jesus het die twaalf opsy geneem en vir hulle gesê: 'Kyk, ons gaan nou Jerusalem toe, en alles wat die profete oor die Seun van die mens geskryf het, sal daar bewaarheid word. [32]Hy sal uitgelewer word aan die heidene; Hy sal bespot en beledig word; hulle sal op Hom spoeg, [33]Hom gésel en Hom daarna doodmaak. En op die derde dag sal Hy uit die dood opstaan.'"*<br>**Lees gerus die stuk oor die "Fees van Eerste Vrugte" in Hoofstuk 5 om te sien dat Jesus juis gedurende hierdie fees uit die dood opgestaan het, drie dae nadat Hy gekruisig is.**<br>**Sien byvoorbeeld die Tabernakel van die Here (Hoofstuk 6) waar die brons bak daar was waar Aäron en sy seuns hulle moes was. Dit is 'n verwysing na die bloed van Christus wat ons van ons sondes was, reeds honderde jare voordat Jesus op aarde was. Eksodus 30:17-21** |

# Die Gesalfde sal redding bring en heers

- Christus beteken “Gesalfde” – ‘n spesifieke Persoon met ‘n spesifieke doel
- En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hý sal jou die kop vermorsel, en jý sal hom in die hakskeen byt. (Genesis 3:15)

Kus die Seun, dat Hy nie toornig word en julle op die weg vergaan nie; want gou kan sy toorn ontvlam. Welgeluksalig is almal wat by Hom skuil! (Psalm 2:12)

Daarom sal die Here self aan julle ’n teken gee: Kyk, die maagd sal swanger word en ’n seun baar en hom Immánuel noem. (Jesaja 7:14)

Want ’n Kind is vir ons gebore, ’n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors (Jesaja 9:5)

Die Here het gesweer, en dit sal Hom nie berou nie: U is priester vir ewig volgens die orde van Melgisédek. (Psalm 110:4)

WANT hierdie Melgisédek was koning van Salem, priester van God, die Allerhoogste, wat vir Abraham tegemoetgegaan het by sy terugkeer toe hy die konings verslaan het, en hom geseën het; aan wie Abraham ook ’n tiende deel van alles gegee het — hy was in die eerste plek, volgens uitleg, koning van die geregtigheid en dan ook koning van Salem, dit is koning van vrede; sonder vader, sonder moeder, sonder geslagsregister, sonder begin van dae of lewenseinde, maar gelykgestel aan die Seun van God, bly hy priester altyddeur. (Hebreërs 7:1-3)

maar Hy met eedswering deur die Een wat aan Hom gesê het: Die Here het gesweer en dit sal Hom nie berou nie: U is priester vir ewig volgens die orde van Melgisédek — in sover het Jesus van ’n beter verbond borg geword. (Hebreërs 7:21-22)

# Die breek van 'n liggaam en vloei van bloed is tekens van 'n verbond

*"Kyk, daar kom dae, spreek die Here, dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda 'n nuwe verbond sal sluit; nie soos die verbond wat Ek met hulle vaders gesluit het op dié dag toe Ek hulle hand gegryp het om hulle uit Egipteland uit te lei nie — my verbond wat húlle verbreek het, alhoewel Ék gebieder oor hulle was, spreek die Here. Maar dit is die verbond wat Ek ná dié dae met die huis van Israel sal sluit, spreek die Here: Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees. En hulle sal nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer leer nie en sê: Ken die Here; want hulle sal My almal ken, klein en groot onder hulle, spreek die Here; want Ek sal hulle ongeregtigheid vergewe en aan hulle sonde nie meer dink nie."* (Jeremia 31:31-33)

En hy het dit alles vir Hom gebring en dit middeldeur gedeel en die helftes teenoor mekaar gelê; maar die voëls het hy nie verdeel nie. (Genesis 15:10)

En as iemand aan die Here 'n spysoffer bring, moet sy offer fynmeel wees; en hy moet olie daarop giet en wierook daarby voeg. (Levitikus 2:10) (Brood)

EN as 'n dankoffer sy offer is, as hy dit bring van beeste, bul of vers, moet hy dit sonder gebrek voor die aangesig van die Here bring. En hy moet sy hand op die kop van sy offer lê en dit slag by die ingang van die tent van samekoms. En die seuns van Aäron, die priesters, moet die bloed rondom teen die altaar uitgooi. (Levitikus 1:1-3)

In een huis moet dit geëet word; jy mag niks van die vleis uit die huis buitentoe bring nie; en julle mag geen been daarvan breek nie. (Eksodus 12:46)

Daarop neem Hy brood, en nadat Hy gedank het, breek Hy dit en gee dit aan hulle en sê: Dit is my liggaam wat vir julle gegee word; doen dit tot my gedagtenis. Net so neem Hy ook die beker ná die maaltyd en sê: Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed wat vir julle uitgestort word. (Lukas 22:19-20)

Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlikheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak. (Openbaring 19:7)

# Die Naam van die Here – God van die Verbond - Redding

Voor Moses was God bekend aan die mens as “EL”. Dit beteken die Almagtige. Die Naam Jehovah is eers aan Moses bekend gestel wat beteken God van die Verbond – Redding

*“En Ek het aan Abraham, aan Isak en aan Jakob verskyn as God, die Almagtige, maar met my Naam Here het Ek My nie aan hulle bekend gemaak nie.”* (Eksodus 6:2)

“En ook vir Sem, die stamvader van al die seuns van Heber, die ouer broer van Jafet, is seuns gebore.” (Genesis 10:21) (Die vader van die Semitiese mense. Die woord Sem (Shem) verwys na ‘n spesifieke persoon – uit sy nageslag)

Ja, ook na die uitlander wat nie van u volk Israel is nie, en uit ’n ver land ter wille van u Naam kom want hulle sal hoor van u grote Naam en u sterke hand en u uitgestrekte arm — as hy kom en bid na hierdie huis toe, wil U dan hoor uit die hemel, u vaste woonplek, en doen volgens alles waaroor die uitlander U sal aanroep, sodat al die volke van die aarde u Naam mag ken, om U te vrees soos u volk Israel, en mag gewaar word dat u Naam uitgeroep is oor hierdie huis wat ek gebou het.
(1 Konings 8:41-43)

En God sê vir Moses: Ek is wat Ek is. Ook sê Hy: So moet jy die kinders van Israel antwoord: Ek is het my na julle gestuur. Toe sê God verder vir Moses: Dit moet jy aan die kinders van Israel meedeel: Die Here, die God van julle vaders, die God van Abraham, die God van Isak en die God van Jakob, het my na julle gestuur. Dit is my Naam vir ewig, en dit is my gedenknaam van geslag tot geslag. (Eksodus 3:14-15)

En toe hulle omtrent drie of vier myl geroei het, sien hulle Jesus op die see loop en naby die skuit kom; en hulle het bang geword. Maar Hy sê vir hulle: Dit is Ek, moenie vrees nie. (Johannes 6:19-20)

Ek het u Naam geopenbaar aan die mense wat U My uit die wêreld gegee het. Hulle het aan U behoort, en U het hulle aan My gegee, en hulle het u woord bewaar. Nou weet hulle dat alles wat U My gegee het, van U kom. (Johannes 17:6-7)

# Die Naam van die Here – Immánuel

*"Daarom sal die Here self aan julle 'n teken gee: Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar en hom Immánuel noem."* (Jesaja 7:14) (Ongeveer 750 jaar vC)

## Immánuel beteken "God met ons"

*"En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon — en ons het sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom — vol van genade en waarheid."* (Johannes 1:14)

*"[15]Hy is die Beeld van die onsienlike God, die Eersgeborene van die hele skepping; [16]want in Hom is alle dinge geskape wat in die hemele en op die aarde is, wat sienlik en onsienlik is, trone sowel as heerskappye en owerhede en magte — alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape. [17]En Hy is voor alle dinge, en in Hom hou alle dinge stand. [18]En Hy is die Hoof van die liggaam, naamlik die gemeente; Hy wat die begin is, die Eersgeborene uit die dode, sodat Hy in alles die eerste kan wees. [19]Want dit het die Vader behaag dat in Hom die ganse volheid sou woon."* (Kolossense 1:15-19)

# Die Heilige Gees Openbaar

*"En hulle het nagespeur op watter of hoedanige tyd die Gees van Christus wat in hulle was, gewys het, toe Hy vooruit getuig het van die lyde wat oor Christus sou kom en die heerlikheid daarna*." (1 Petrus 1:11) Seun van God

Skep vir my 'n rein hart, o God, en gee opnuut in die binneste van my 'n vaste gees. Verwerp my nie van u aangesig nie en neem u Heilige Gees nie van my weg nie. (Psalm 51:12-13)

Toe het sy volk gedink aan die dae van die ou tyd, van Moses: Waar is Hy wat hulle uit die see laat optrek het saam met die herder van sy kudde? Waar is Hy wat sy Heilige Gees in hulle midde gegee het? Wat sy heerlike arm laat trek het aan die regterhand van Moses; wat die waters voor hulle uit gekloof het, om vir Hom 'n ewige Naam te maak? (Jesaja 63:11-12)

En u goeie Gees het U gegee om hulle te onderrig, en u manna het U nie van hulle mond teruggehou nie en aan hulle water gegee vir hulle dors. (Nehemia 9:20)

Nadat God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dæ tot ons gespreek deur die Seun. wat Hy as erfgenaam van alles aangestel het, deur wie Hy ook die wêreld gemaak het.
Hy, wat die afskynsel is van sy heerlikheid en die afdruksel van sy wese en alle dinge dra deur die woord van sy krag, nadat Hy deur Homself die reiniging van ons sondes bewerk het, het gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoogte. (Hebreërs 1:1-3)

En ek het voor sy voete neergeval om hom te aanbid; maar hy het vir my gesê: Moenie! Ek is 'n mededienskneg van jou en van jou broeders wat die getuienis van Jesus het. Aanbid God. Want die getuienis van Jesus is die gees van die profesie. (Openbaring 19:10)

# Die Dienaar in belang van die Jode ook tot redding van alle nasies

Daar is my Kneg wat Ek ondersteun, my Uitverkorene in wie my siel 'n welbehae het. Ek het my Gees op Hom gelê; Hy sal die reg na die nasies uitbring. Hy sal nie skreeu of uitroep of sy stem op die straat laat hoor nie. Die geknakte riet sal Hy nie verbreek en die dowwe lamppit nie uitblus nie; met getrouheid sal Hy die reg uitbring. Hy sal nie dof brand of geknak word, totdat Hy die reg op aarde gegrond het nie; en die eilande wag op sy leer. (Jesaja 42:1-4)

Neem daarom mekaar aan, soos Christus ons ook aangeneem het, tot heerlikheid van God. En ek sê dat Jesus Christus 'n dienaar geword het van die besnydenis ter wille van die waaragtigheid van God, om die beloftes aan die vaders te bevestig; en dat die heidene ter wille van sy barmhartigheid God kan verheerlik, soos geskrywe is: Daarom sal ek U loof onder die nasies en tot eer van u Naam psalmsing. (Romeine 15:7-9)

# Die Volmaakte Lam van God

**Die lam staan in vir Isak toe hy geoffer moes word:**
Genesis 22:10-14: *"[10]Net toe Abraham die mes vat om sy seun te slag, [11]roep die Engel van die Here uit die hemel na hom: 'Abraham, Abraham!' Hy het geantwoord: 'Hier is ek!' [12]Toe sê God: 'Los jou Seun! Moenie iets aan hom doen nie. Nou weet Ek dat jy My dien: jy het nie geweier om jou seun, jou enigste seun, aan My te offer nie. [13]Toe Abraham weer kyk, sien hy agter hom 'n skaapram wat aan sy horings aan 'n bos vasgevang is. Hy het die ram gaan vat en hom in die plek van sy seun as brandoffer geoffer. [14]Toe noem Abraham die plek: "Die Here voorsien.' Daar word nou nog gesê: 'Op die berg van die Here word voorsien''."*

**Die instelling van Paasfees wat op Nisan 14 gevier moes word:**
Levitikus 23:5: *"Op die veertiende van die eerste maand teen skemer moet julle die paasfees vier tot eer van die Here."*

**Die lam, sonder gebrek, wat op paasfees geslag is se bloed het ingestaan vir die volk se sonde.**
Eksodus 12:5-7: *"[5]Dit moet 'n jaaroud rammetjie wees, sonder liggaamsgebrek, 'n skaap of 'n bok. [6]Julle moet hom goed oppas tot die veertiende van hierdie maand, en dan moet die hele gemeente van Israel teen laat middag slag. [7]Julle moet van die bloed smeer aan die sykante en die bokant van die deurkosyn van elke huis waar julle die lam gaan eet."*

**Jesus is die Lam, sonder gebrek, wat geslag is. Die lam se liggaam is tydens die fees geëet (Nisan 14) en sy bloed het versoening bewerkstellig. Jesus stel die Nagmaal in om ons daaraan te herinner dat Hy vir ons as die Lam ingestaan het:**

Matteus 26:26-29: *"[26]En terwyl hulle eet, het Jesus brood geneem en die seën gevra. Daarna het Hy dit gebreek en vir sy dissipels gegee met die woorde: 'Neem, eet; dit is my liggaam.' [27]Toe neem Hy 'n beker, en nadat Hy die dankgebed uitgespreek het, gee Hy dit vir hulle en sê: 'Drink almal daaruit, [28]want dit is my bloed, die bloed waardeur die verbond beseël word en wat vir baie vergiet word tot vergewing van sondes. [29]Ek sê vir julle: Van nou af sal Ek nie weer van hierdie wyn drink nie tot op die dag wanneer Ek saam met julle die nuwe wyn in die koninkryk van my Vader sal drink.'"*

**Let ook op die volgende:**
- **Die lam sonder liggaamsgebrek moes wees (Jesus volmaak en sonder sonde)**
- **Die datum wanneer die lam geslag moes word baie duidelik bepaal is as Nisan 14. Jesus is op Nisan 14 gekruisig!**
- **Die lam moes juis laatmiddag geslag word. Jesus sterf aan die kruis teen laat middag.**

**Die finale bruilof word Openbaring 19:7-9:** *"[7]'Laat ons bly wees en juig en aan Hom die eer gee, want die bruilof van die Lam het aangebreek, en sy bruid het haar daarvoor gereed gemaak. [8]God het haar dit vergun om fyn, helder blink klere aan te trek.' Hierdie fyn klere is die regverdige dade van die gelowiges. [9]Toe sê die engel vir my: 'Skryf op: Geseënd is hulle wat na die bruilofsmaal van die Lam uitgenooi is.'"*

Johannes 1:29: *"Die volgende dag sien Johannes vir Jesus na hom toe kom. Hy sê toe: 'Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!'"*

# Die Messias gaan as menslike wese op aarde verskyn

God in gesprek met Satan in die Paradys: Genesis 3:15: “En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hý sal jou die kop vermorsel, en jý sal hom in die hakskeen byt.”

Ongeveer 750 jaar voor Christus profeteer Jesaja in Jesaja 7:14: “Daarom sal die Here self aan julle ’n teken gee: Kyk, die maagd sal swanger word en ’n seun baar en hom Immánuel noem.”

Ongeveer 600 jaar voor Christus profeteer Daniël 7:13: “Ek het gesien in die naggesigte, en kyk, met die wolke van die hemel het Een gekom soos die Seun van ’n mens, en Hy het gekom tot by die Oue van dae, en hulle het Hom nader gebring voor Hom.”

God het die maagd, Maria, bevrug om die Messias, Jesus Christus, te baar. Josef, uit die nageslag van Dawid, het opgetree as die aardse vader vir Hom:

Matteus 1:20-23: “[20]Maar terwyl hy dit in die gedagte gehad het, verskyn daar ’n engel van die Here in ’n droom aan hom en sê: ‘Josef, seun van Dawid, wees nie bevrees om Maria, jou vrou, by jou te neem nie, want wat in haar verwek is, is uit die Heilige Gees; [21]en sy sal ’n seun baar, en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos.’ [22]En dit het alles gebeur, sodat die woord vervul sou word wat die Here deur die profeet gespreek het: ‘[23]Kyk, die maagd sal swanger word en ’n seun baar, en hulle sal Hom Emmánuel noem,’ dit is, as dit vertaal word: God met ons.”

Kolossense 2:9-11:“[9]Want in Hom woon al die volheid van die Godheid liggaamlik; [10]en julle het die volheid in Hom wat die Hoof is van alle owerheid en mag; [11]in wie julle ook besny is met ’n besnydenis wat nie met hande verrig word nie, deur die liggaam van die sondige vlees af te lê in die besnydenis van Christus”

# Die Messias gaan as menslike wese op aarde verskyn (vervolg)

| **Die Goddelike seën** Numeri 6:23-27: "Spreek met Aäron en sy seuns en sê: So moet julle die kinders van Israel seën deur vir hulle te sê: Die Here sal jou seën en jou behoed; die Here sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees; die Here sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee. So moet hulle dan my Naam op die kinders van Israel lê; en Ék sal hulle seën." | Johannes 1:14: "En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon — en ons het sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom — vol van genade en waarheid."<br><br>Lukas 10:23-24: "En Hy het Hom omgedraai na sy dissipels en afsonderlik aan hulle gesê: Salig is die oë wat sien wat julle sien; want Ek sê vir julle, baie profete en konings het gewens om te sien wat julle sien, en het dit nie gesien nie, en om te hoor wat julle hoor, en het dit nie gehoor nie."<br><br>Johannes 14:6-9: "Jesus antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie. As julle My geken het, sou julle my Vader ook geken het, en van nou af ken julle Hom en het julle Hom gesien. Filippus sê vir Hom: Here, toon ons die Vader, en dit is vir ons genoeg. Jesus sê vir hom: Ek is so lankal by julle, en het jy My nie geken nie, Filippus? Hy wat My gesien het, het die Vader gesien. En hoe sê jy: Toon ons die Vader?" |
|---|---|

Kolossense 1: 15 -20: "[15]*Hy is die Beeld van die onsienlike God, die Eersgeborene van die hele skepping;* [16]*want in Hom is alle dinge geskape wat in die hemele en op die aarde is, wat sienlik en onsienlik is, trone sowel as heerskappye en owerhede en magte — alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape.* [17]*En Hy is voor alle dinge, en in Hom hou alle dinge stand.* [18]*En Hy is die Hoof van die liggaam, naamlik die gemeente; Hy wat die begin is, die Eersgeborene uit die dode, sodat Hy in alles die eerste kan wees.* [19]*Want dit het die Vader behaag dat in Hom die ganse volheid sou woon* [20]*en dat Hy deur Hom alles met Homself sou versoen nadat Hy vrede gemaak het deur die bloed van sy kruis — ek sê deur Hom — die dinge op die aarde sowel as die dinge in die hemele."*

# Die Messias sal in Bethlehem gebore word

| | |
|---|---|
| **Ongeveer 730 jaar voor Christus profeteer Miga 5:1-2: "[1]EN jy, Betlehem Éfrata, klein om te wees onder die geslagte van Juda, uit jou sal daar vir My uitgaan een wat 'n Heerser in Israel sal wees; en sy uitgange is uit die voortyd, uit die dae van die ewigheid. [2]Daarom sal Hy hulle prysgee tot op die tyd dat 'n barende gebaar het. Dan sal die oorblyfsel van sy broers saam met die kinders van Israel terugkeer.."** | **Vervul ongeveer 730 jaar later, sien Matteus 2:1-2: "[1]En toe Jesus te Betlehem in Judéa gebore is, in die dae van koning Herodus, het daar wyse manne uit die Ooste in Jerusalem aangekom [2]en gesê: 'Waar is die Koning van die Jode, wat gebore is? Want ons het sy ster in die Ooste gesien en gekom om Hom hulde te bewys.'"** |

Die naam Bethlehem beteken "Plek van brood". Johannes 6:35: "*En Jesus sê vir hulle: Ek is die brood van die lewe; wie na My toe kom, sal nooit honger kry nie; en wie in My glo, sal nooit dors kry nie.*"

# Die Messias sal uit die nageslag van Dawid gebore word

Isai was Dawid se pa. Ongeveer 750 jaar voor Christus profeteer Jesaja 11:10: "En in dié dag sal die nasies vra na die wortel van Ísai, wat daar staan as 'n banier van die volke, en sy rusplek sal heerlik wees."

Jesaja 9:6-7: "[6]tot vermeerdering van die heerskappy en tot vrede sonder einde, op die troon van Dawid en oor sy koninkryk, om dit te bevestig en dit te versterk deur reg en deur geregtigheid, van nou af tot in ewigheid. Die ywer van die Here van die leërskare sal dit doen. Die slaande hand van die Here. [7]DIE Here stuur 'n woord in Jakob, en dit val in Israel;"

Jesaja 16:5: "En opgerig is deur goedgunstigheid 'n troon, en daarop sit een in getrouheid in Dawid se tent, 'n regter wat die reg soek en gou is in geregtigheid.

In Romeine 15:12 bevestig Paulus: "En Jesaja sê ook: 'Die wortel van Ísai sal daar wees, en Hy wat opstaan om oor die nasies te heers, op Hom sal die nasies hoop.'"

Nie net dui baie profesieë in die Ou Testament daarop dat die Messias uit die nageslag van Dawid gebore sou word nie, maar ons sien dit ook bevestig in die geslagsregisters wat in die Nuwe Testament van beide vaderskant en moederskant gegee word: Matteus 1:1-17: Vaderskant en Lukas 3:23-38: Moederskant.

Lukas het die Joodse denkwyse gebruik om Maria se geslagsregister aan te dui deur telkens te verwys na die manlike figuur. Josef word byvoorbeeld aangedui as die seun van Heli maar laasgenoemde het geen seuns van sy eie gehad nie, met ander woorde, daar word verwys na die skoonseun. Beide die geslagsregisters wys daarop dat Josef nie die genetiese vader van Jesus was nie, maar die wettige (aardse) vader.

Matteus 1:16: "en Jakob die vader van Josef, die man van Maria uit wie gebore is Jesus wat Christus genoem word." en Lukas 3:23: "EN Hy, Jesus, was omtrent dertig jaar oud toe Hy begin leer het; en Hy was, soos hulle gemeen het, die seun van Josef, die seun van Eli,........"

Openbaring 5:1-5: *"[1]EN ek het in die regterhand van Hom wat op die troon sit, 'n boek gesien, van binne en van buite beskrywe en met sewe seëls goed verseël. [2]En ek het 'n sterk engel gesien wat met 'n groot stem uitroep: Wie is waardig om die boek oop te maak en sy seëls te breek? [3]En niemand in die hemel of op die aarde of onder die aarde kon die boek oopmaak of daarin kyk nie. [4]En ek het baie geween, omdat daar niemand waardig bevind is om die boek oop te maak en te lees of daarin te kyk nie. [5]Toe sê een van die ouderlinge vir my: Moenie ween nie; kyk, die Leeu wat uit die stam van Juda is, die wortel van Dawid, het oorwin om die boek oop te maak en sy sewe seëls te breek."*

- **Jeremia 23:5-6:** *“KYK, daar kom dae, spreek die Here,* ***dat Ek vir Dawid ’n regverdige Spruit sal verwek****, en as Koning sal Hy regeer en verstandig handel en reg en geregtigheid doen in die land. In sy dae sal Juda verlos word en Israel veilig woon; en dit is sy naam waarmee Hy genoem sal word: DIE HERE ONS GEREGTIGHEID.”*

- **Jeremia 33:15-16:** *“In dié dae en in dié tyd* ***sal Ek vir Dawid ’n Spruit van geregtigheid laat uitspruit****, en Hy sal reg en geregtigheid doen in die land. In dié dae sal Juda verlos word en Jerusalem veilig woon; en dit sal die naam daarvan wees: DIE HERE ONS GEREGTIGHEID. Want so sê die Here: Daar sal vir Dawid nie ’n man ontbreek wat sit op die troon van die huis van Israel nie; en daar sal vir die Levitiese priesters nooit voor my aangesig ’n man ontbreek wat altyddeur brandoffers bring en spysoffers aan die brand steek en slagoffers berei nie.”*

# Die Here het deur die volk Israel geopenbaar sodat ons vandag kan glo

| | |
|---|---|
| **Die Here praat met Abraham:** Genesis 12:3: “En Ek sal seën diegene wat jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek; en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word.”<br><br>Excodus 15:1-3: “Toe het Moses en die kinders van Israel hierdie lied tot eer van die Here gesing; en dit is wat hulle gesê het: Ek wil sing tot eer van die Here, want Hy is hoog verhewe. Die perd en sy ruiter het Hy in die see gewerp. Die Here is my krag en my psalm, en Hy het my tot heil geword. Hy is my God, Hom sal ek roem; die God van my vader, Hom sal ek verhef.Die Here is ’n krygsman; Here is sy naam.”<br><br>Josua 4:23-24: “deurdat die Here julle God die water van die Jordaan voor julle uit laat opdroog het, totdat julle deurgetrek het, soos die Here julle God gedoen het met die Skelfsee wat Hy voor ons uit laat opdroog het, totdat ons deurgetrek het; dat al die volke van die aarde kan weet dat die hand van die Here sterk is, sodat julle die Here julle God altyd mag vrees. | **Die Verlosser uit Jakob -** Jesaja 59:20-21: “Maar vir Sion kom Hy as Verlosser en vir die wat in Jakob hulle bekeer van oortreding, spreek die Here. Wat My aangaan, dit is my verbond met hulle, sê die Here: My Gees wat op jou is, en my woorde wat Ek in jou mond gelê het, sal uit jou mond nie wyk nie, en ook nie uit die mond van jou kroos en uit die mond van die kroos van jou kroos, sê die Here, van nou af tot in ewigheid nie.”<br><br>**Moses het Christus geken -** Hebreërs 11:24-26: “Deur die geloof het Moses, toe hy grootgeword het, geweier om die seun van Farao se dogter genoem te word, omdat hy verkies het om liewer sleg behandel te word saam met die volk van God as om ’n tyd lank die genot van die sonde te hê, en die smaad van Christus groter rykdom geag het as die skatte van Egipte, want hy het uitgesien na die beloning.” |

Psalm 24:6-10: *“[6]Dit is die geslag van hulle wat na Hom vra, wat u aangesig soek — dit is Jakob. Sela. [7]Hef op julle hoofde, o poorte, ja, verhef julle, ewige deure, dat die Erekoning kan ingaan! [8]Wie is tog die Erekoning? Die Here, sterk en geweldig, die Here geweldig in die stryd. [9]Hef op julle hoofde, o poorte, ja, hef op, ewige deure, dat die Erekoning kan ingaan! [10]Wie is dan tog die Erekoning? Die Here van die leërskare — Hy is die Erekoning! Sela.”*

# Die Sterke en Regterhand van God

**Die lied van Moses:** Eksodus 15:6: "o Here, u regterhand is verheerlik deur krag. U regterhand, o Here, verpletter die vyand."

Psalm 16:10-11: "[10]want U sal my siel aan die doderyk nie oorgee nie; U sal nie toelaat dat u gunsgenoot verderwing sien nie. [11]U sal my die pad van die lewe bekend maak; versadiging van vreugde is voor u aangesig, lieflikhede in u regterhand, vir ewig.."

Psalm 80:15-18: "[15]o God van die leërskare, kom tog terug; aanskou uit die hemel en kyk, en gee ag op hierdie wingerdstok; [16]en wees 'n beskerming vir wat u regterhand geplant het, en oor die seun wat U vir Uself grootgemaak het. [17]Hy is met vuur verbrand, hy is afgekap; vanweë die dreiging van u aangesig kom hulle om. [18]Laat u hand wees oor die man van u regterhand, oor die menseseun wat U vir Uself grootgemaak het."

Psalm 110:1: "Van Dawid. 'n Psalm. Die Here het tot my Here gespreek: Sit aan my regterhand, totdat Ek u vyande maak 'n voetbank vir u voete."

**Jesus in gesprek met die skrifgeleerdes -** Lukas 22:67-71: "[67]en gesê: As U die Christus is, sê vir ons. En Hy antwoord hulle: As Ek vir u sê, sal u tog nie glo nie. [68]En as Ek vra, sal u My tog nie antwoord of loslaat nie. [69]Van nou af sal die Seun van die mens sit aan die regterhand van die krag van God. [70]En hulle sê almal: Is U dan die Seun van God? En Hy antwoord hulle: U sê dat Ek dit is. [71]Daarop sê hulle: Wat het ons nog getuienis nodig! Want ons het dit self uit sy mond gehoor."

**Stefanus se getuienis-** Handelinge 7:55-56: "[55]Maar hy was vol van die Heilige Gees en het die oë na die hemel gehou en die heerlikheid van God gesien en Jesus wat staan aan die regterhand van God. [56]En hy het gesê: Kyk, ek sien die hemele geopend en die Seun van die mens aan die regterhand van God staan."

Romeine 8:33-34: "[33]Wie sal beskuldiging inbring teen die uitverkorenes van God? God is dit wat regverdig maak. [34]Wie is dit wat veroordeel? Christus is dit wat gesterf het, ja, meer nog, wat ook opgewek is, wat ook aan die regterhand van God is, wat ook vir ons intree."

Efesiërs 1:19-20: "[19]en wat die uitnemende grootheid van sy krag is vir ons wat glo, na die werking van die krag van sy sterkte [20]wat Hy gewerk het in Christus toe Hy Hom uit die dode opgewek het en Hom laat sit het aan sy regterhand in die hemele,"

**Psalm 44:4:** *" [4]Want hulle het die land nie deur hul swaard in besit geneem nie, en hul arm het hulle nie die oorwinning gegee nie, maar u regterhand en u arm en die lig van u aangesig, omdat U 'n welbehae in hulle gehad het."*

**Openbaring 5:1-2:** *"[1]EN ek het in die regterhand van Hom wat op die troon sit, 'n boek gesien, van binne en van buite beskrywe en met sewe seëls goed verseël. [2]En ek het 'n sterk engel gesien wat met 'n groot stem uitroep: Wie is waardig om die boek oop te maak en sy seëls te breek?"*

# Die Rots van Israel waaruit Lewende Water vloei

| | |
|---|---|
| **Die Here is die Geestelike Rots vir Israel, uit die Rots kom water wat lewe gee.:** Eksodus 17:5-6: "[5]En die Here het Moses geantwoord: Trek voor die volk uit, en neem van die oudstes van Israel met jou saam; en neem jou staf waarmee jy die Nyl geslaan het, in jou hand en gaan weg. [6]Kyk, Ek sal daar voor jou by die rots op Horeb staan; dan moet jy die rots slaan, en daar sal water uit kom, dat die volk kan drink. En Moses het so gedoen voor die oë van die oudstes van Israel."<br><br>Psalm 118:20-22: "[20]Dit is die poort van die Here; regverdiges mag daardeur ingaan. [21]Ek wil U loof, omdat U my verhoor het en my tot heil geword het. [22]Die steen wat die bouers verwerp het, het 'n hoeksteen geword."<br><br>Dawid se laaste woorde - 2 Samuel 23:2-3: "[2]Die Gees van die Here spreek in my, en sy woord is op my tong. [3]Die God van Israel het gesê, die Rots van Israel het tot my gespreek: 'n Heerser oor mense, 'n regverdige, 'n heerser in die vrees van God."<br><br>Jesaja 8:14-15: "[14]Dan sal Hy vir julle 'n heiligdom wees, maar 'n klip waar 'n mens teen stamp en 'n rots waar 'n mens oor struikel, vir die twee huise van Israel, 'n vangnet en 'n strik vir die inwoners van Jerusalem. [15]En baie onder hulle sal struikel en val en verbreek en verstrik en gevang word."<br><br>Jesaja 28:16: "daarom, so sê die Here Here: Kyk, Ek lê in Sion 'n grondsteen, 'n beproefde steen, 'n kosbare hoeksteen wat vas gegrondves is; hy wat glo, sal nie haastig wees nie." | **Jesus in gesprek met die Samaritaanse vrou -** Johannes 4:13-14: "[13]Jesus antwoord en sê vir haar: Elkeen wat van hierdie water drink, sal weer dors kry; [14]maar elkeen wat drink van die water wat Ek hom sal gee, sal in ewigheid nooit dors kry nie, maar die water wat Ek hom sal gee, sal in hom word 'n fontein van water wat opspring tot in die ewige lewe."<br><br>**Jesus se woorde -** Markus 12:10: "Het julle nie ook hierdie Skrifwoord gelees nie: Die steen wat die bouers verwerp het, dit het 'n hoeksteen geword?." |

**1 Korintiërs 10:1-4 "[1]***Want ek wil nie hê, broeders, dat julle nie sou weet nie dat ons vaders almal onder die wolk was en almal deur die see deurgegaan het, [2]en almal in Moses gedoop is in die wolk en in die see, [3]en almal dieselfde geestelike spys geëet het, [4]en almal dieselfde geestelike drank gedrink het, want hulle het gedrink uit 'n geestelike rots wat gevolg het, en die rots was Christus."*

# Die Bruidegom en bruid

Die openbaring van die Here, die Lig vir alle nasies, is volmaak: Psalm 19:6 (ongeveer 1000 v.C.) *"As hy stralend begin om sy baan te volg, is hy soos 'n bruidegom wat uit sy slaapkamer kom."*

Die skoonheid van Sy bruid **wie Hy gewas het** en vir Homself gevat het

- Profeties die getroue volk word as die bruid uitgebeeld Hooglied 1:15 (Ongeveer 950 voor Christus): *"Jy is mooi my liefling, jy is mooi, jou oë is duiwe" en 4:7 "Alles aan jou is mooi my liefling, aan jou is niks verkeerd nie."*
- Die Bruidegom verklaar dat Sy bruid syne is: Jesaja 43:1 (Ongeveer 750 voor Christus) *"Luister, so sê die Here wat jou geskep het, Jakob, wat jou gevorm het Israel: Moenie bang wees nie, Ek verlos jou, Ek het jou op jou naam geroep, jy is myne."*
- Jesaja praat die ballinge moed in: Jesaja 54:5 *"Hy wat jou gemaak het, is jou man, sy Naam is die Here die Almagtige. Die Heilige van Israel is jou Verlosser; Hy word die God van die hele wêreld genoem."*
- Jesaja 62:5 (Jerusalem) *"Soos 'n jong man met 'n meisie trou, so sal jou volk jou syne maak en vir jou sorg. Soos 'n bruidegom bly is oor sy bruid, so sal jou God oor jou bly wees."*

Die Here se liefdesverhouding bly staan om die ballinge terug te bring en redding aan alle gelowiges te bewerkstellig. Duidelik verwys redding na die goeie verhouding tussen die Bruidegom en die bruid: Hosea 2:15-19 (ongeveer 722 v.C.) *"[15]Dié dag, sê die Here, sal jy vir My sê: 'My man,' en My nie meer as 'n Baäl beskou nie. [16]Ek sal sorg dat jy die name van die Baäls nie weer noem nie en dat jy hulle nooit weer aanroep nie. [17]Dié dag sal Ek vir Israel 'n ooreenkoms sluit met die wilde diere, die voëls en alles wat op die grond kruip. Ek sal die wapens vernietig en 'n einde maak aan oorloë in die land sodat daar rus en vrede kan wees. [18]Ek gaan jou my bruid maak vir altyd. Ek gaan jou aan My bind deur my weldade en my goeie sorg, deur my liefde en my ontferming. [19]Ek gaan jou aan My bind deur my onverbreekbare trou sodat jy aan My, die Here, toegewy sal wees."*

- Jeremia 2:2 (ongeveer 600 voor Christus) *"Gaan roep hierdie woorde uit sodat elkeen in Jerusalem dit kan hoor. So sê die Here. Ek onthou nog hoe getrou jy aan My was in jou jeug; hoe lief jy My gehad het toe jy My bruid geword het, toe jy My die woestyn in gevolg het, in 'n wêreld waar niks geplant word nie."*
- Jeremia 3:1: *"Die Here vra: Mag 'n man as hy van sy vrou skei en sy hom verlaat en 'n ander man se vrou word, na haar toe teruggaan? Sou die land nie vreeslik verontreinig word nie? En jy wat by so baie minnaars geslaap het, wil jy na my toe terugkom? vra die Here."* (Sien ook Jeremia 3:6-7; 3:20-21)
- Esegiël 16:5-14 (Ongeveer 597 voor Christus) *"……..[13]'Jy kon jou tooi in goud en silwer, jou klee in linne, kosbare stof, veelkleurige materiaal; jou kos was fynmeel, heuning en olie. Jy het baie mooi geword, geskik om 'n koningin te wees. [14]Jy het onder die nasies beroemd geword om jou skoonheid. Dit was 'n volmaakte skoonheid, die gevolg van die prag waarmee Ek jou uitgerus het,' sê die Here my God."*

Dieselfde Here is steeds aan die Woord in die Nuwe Testament:

- Jesus verwys na Homself as die "bruidegom" op verskeie plekke soos in Markus 2:19: *"Jesus antwoord hulle: 'Kan die bruilofsgaste dan vas terwyl die bruidegom by hulle is? Nee, solank hulle die bruidegom by hulle het, kan hulle nie vas nie.'"* (Sien ook Matteus 9:15; 25:1)
- In Lukas 5:34 word oor dieselfde woorde van Jesus getuig: *"Toe sê Jesus vir hulle: 'Kan julle dan die bruilofsgaste laat vas terwyl die bruidegom by hulle is?'"*
- Efesiërs 5:25-27: *"[25]Mans, julle moet julle vroue liefhê soos wat Christus die kerk liefgehad en Sy lewe daarvoor afgelê het. [26]Dit het Hy gedoen om die kerk aan God te wy, nadat Hy dit met die water en die woord gereinig het, [27]sodat Hy die kerk in volle heerlikheid by Hom kan neem, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks, heilig en onberispelik."*

Die finale bruilof word Openbaring 19:7-9: *"[7]'Laat ons bly wees en juig en aan Hom die eer gee, want die bruilof van die Lam het aangebreek, en sy bruid het haar daarvoor gereed gemaak. [8]God het haar dit vergun om fyn, helder blink klere aan te trek.' Hierdie fyn klere is die regverdige dade van die gelowiges. [9]Toe sê die engel vir my: 'Skryf op: Geseënd is hulle wat na die bruilofsmaal van die Lam uitgenooi is.'"*

Die liefde van die Here strek duidelik tot redding van almal en gaan alle verstand te bowe. Ons moet dit nie probeer verstaan nie, maar kan dit met volle oortuiging en blydskap aangryp: Filippense 4:6-7: *"[6]Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend. [7]En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagte die wag hou in Christus Jesus."*

# Die Bruidegom en bruid in die Nuwe Testament

**Die belofte van die Ware Joodse Bruidegom**

Die huwelik tussen die Here en die volk Israel is reeds histories outentiek bevestig by berg **Sinai**. Die Here bied egter redding vir alle volke deur die **Messias wat uit Israel gebore** is. Die Kerk het ontstaan as getuie van die verlossingswerk bewerkstellig deur die Messias, Jesus Christus. Die **Messias sit die liefdesverhouding voort deur plek te gaan voorberei** het vir Sy bruid, die Kerk. Hierdie historiese en profetiese realiteit spreek die gelowige aan op baie wyses in die Woord van God. Een daarvan is deur middel van die Feeste. Meer hieroor in Hoofstuk 5

# Die Leeu uit Sion

**Die Here sal kom en onheil vernietig en oordeel oor die ongelowiges. Let op dat Sion is die gebied waar die Tempel gebou is. Dit is by Jerusalem, die stad waar die kruis van die Messias gestaan het en waar Hy uit die dood opgestaan het. Hy het gedoen wat geen ander sogenaamde god kan doen nie.**

- **Jesaja 31:4: *"So het die Here vir my gesê: Soos 'n leeu, 'n maanhaar, by sy prooi lê en grom en hom nie laat afskrik deur die harde geskreeu van veewagters wat teen hom saamgeroep is nie, en hom nie steur aan hulle lawaai nie, so sal die Here die Almagtige, wanneer Hy neerdaal, sy oorlog veg op Sionsberg, op die heuwel waar Sion lê."* (ongeveer 740 jaar voor Christus geskryf)**
- **Amos 1:2: *"Amos het gesê: Wanneer die Here uit Sion brul, wanneer Hy sy stem uit Jerusalem laat hoor, verdor die weivelde van die herders en verdroog die top van Karmelberg."* (ongeveer 760 jaar voor Christus geskryf). Karmelberg is in die noorde van Israel. Dat die top van Karmelberg gaan verdroog wys op 'n groot en drastiese gebeurtenis.**
- **Amos 3:7-8: *"[7]Die Here God doen niks as Hy nie Sy besluit bekend gemaak het aan Sy dienaars die profete nie. [8]Die leeu het gebrul, wie sal nie bang wees nie? Die Here God het gepraat, wie sal nie as profeet optree nie?"***

**Jesus Christus is uit die stam van Dawid gebore en het die oorwinning behaal deur uit die dood op te staan.**

**Openbaring 5:1-5: *"[1]In die regterhand van Hom wat op die troon sit, het ek 'n boekrol gesien wat aan die voor- en aan die agterkant vol geskrywe was en wat met sewe seëls goed verseël was. [2]Toe het ek 'n sterk engel gesien wat met 'n harde stem uitgeroep het: 'Wie is waardig om die boek oop te maak deur die seëls daarvan te breek?" [3]Maar niemand in die hemel of op die aarde of onder die aarde was in staat om die boek oop te maak en daarin te kyk nie. [4]Ek het baie gehuil omdat daar niemand gekry is wat waardig was om die boek oop te maak en daarin te kyk nie. [5]Toe sê een van die ouderlinge vir my: 'Moenie huil nie. Kyk die Leeu uit die stam van Juda, die Afstammeling van Dawid, het die oorwinning behaal en kan die boek met die sewe seëls oopmaak.'"***

# Die Leeu uit Sion – Jesus Christus die Messias

## Die mens teen die Messias – die Leeu verslind

Ten spyte van die Here se verbintenis met die mens, dwaal die mens steeds af en soek ander heenkome en gode. Daar bestaan nie ander gode nie en die Here verskyn ook nie in ander vorme of profete nie.
Hosea 2:15-16: "[15]*Dié dag, sê die Here, sal jy vir My sê: 'My man,' en My nie meer as 'n Baäl beskou nie.* [16]*Ek sal sorg dat jy die name van die Baäls nie weer noem nie en dat jy hulle nooit weer aanroep nie."*
Hosea 13:6-8: *"*[6]*Maar toe hulle by goeie weiding gebring is, het hulle hulle vol geëet, en toe hulle vol geëet was, het hulle hoogmoedig geword. Daarom het hulle My vergeet.* [7]*Toe het Ek vir hulle geword soos 'n leeu, soos 'n luiperd wat vir hulle langs die pad voorlê.* [8]*Ek sal hulle aanval soos 'n beerwyfie wie se kleintjies afgeneem is. Ek sal hulle borskaste oopskeur. Soos 'n leeu sal Ek hulle daar verslind. Roofdiere sal hulle uitmekaar skeur."*

## Die mens vir die Messias – Die Leeu red, beskerm en bring vrede

Ons moet nie die liefde aanbid nie, maar die Heerser daarvan, die Aanvoerder daarvan. Sien Miga 5:5-7 (geskryf ongeveer 730 jaar voor Christus): *"*[5]*Hulle sal Assirië platloop met die swaard, die land van Nimrod met swaarde wat reg is om te steek. Die regeerder uit Bethlehem sal ons red uit die mag van Assirië wanneer Assirië ons land binneval, wanneer hy ons gebied binnekom.* [6]*Dié van Jakob wat oorbly, sal tussen baie volke wees, hulle sal daar wees soos dou wat van die Here af kom, soos stortreëns op groen gras wat nie vir 'n mens wag nie, nie na mense kyk nie.* [7]*Die van Jakob wat oorbly, sal tussen die nasies wees, tussen baie volke, hulle sal daar wees soos 'n leeu tussen wild of tussen 'n trop skape; hy verskeur as hy tussen hulle deurstap, hy vang sy prooi, en niemand kan dit uit sy bek ruk nie."*

# Die tydperk wat die Messias gekruisig sal word

| | |
|---|---|
| Daniël 9:24-26: “[24]Sewentig sewetalle is oor jou volk en jou heilige stad bepaal, om die goddeloosheid te voleindig en om die maat van die sondes vol te maak en om die ongeregtigheid te versoen en om ewige geregtigheid aan te bring en om gesig en profeet te beseël en om wat hoogheilig is, te salf. [25]Nou moet jy weet en verstaan: van die uitgang van die woord af om Jerusalem te herstel en op te bou tot op ’n Gesalfde, ’n Vors, is sewe sewetalle; en twee-en-sestig sewetalle lank sal dit herstel en opgebou word, met pleine en slote, maar in tye van benoudheid. [26]En ná die twee-en-sestig sewetalle sal ’n Gesalfde uitgeroei word, maar sonder iets vir Hom; en die volk van ’n vors wat sal kom, sal die stad en die heiligdom verwoes, maar sy einde sal met ’n oorstroming wees, en tot die einde toe sal dit oorlog wees, vasbeslote verwoestings.” | Ongeveer 450 voor Christus het Koning Darius opdrag gegee dat die Tempel herbou moet word: Esra 6:12: “En mag God wat sy Naam daar laat woon het, elke koning en volk neerwerp wat sy hand uitsteek om dit te oortree, om naamlik hierdie Godshuis in Jerusalem te verwoes. Ek, Daríus, gee bevel; sorgvuldig moet dit uitgevoer word.”<br><br>7 X 62 = 483<br><br>483-450 = 33<br><br>Jesus Christus is gekruisig ongeveer 33 na Christus. Die Tempel is deur die Romeine verwoes tydens 70 na Christus. |

# Die Messias sal uitgelewer word vir 30 stukke silwer, geld gegooi in die Tempel en Grond gekoop by die Pottebakker

| | |
|---|---|
| **Judas Iskariot, wat Hom so verraai het, het berou gekry na die tyd en het die geld teruggebring na die priesters in die Tempel. Die priesters wou nie die geld terugneem nie en Judas het dit in die Tempel gegooi. Die geld is toe geneem om grond by die pottebakker te koop. Ongeveer 450 jaar voor Christus profeteer Sagaria 11:12-13: “[12]Daarop sê ek vir hulle: As dit goed is in julle oë, gee dan my loon; en so nie, laat dit dan staan. Toe het hulle my loon afgeweeg: dertig sikkels silwer. [13]Hierop sê die Here vir my: Gooi dit vir die pottebakker — die heerlike prys waarmee Ek deur hulle gewaardeer is! En ek het die dertig sikkels silwer geneem en dit in die huis van die Here vir die pottebakker gegooi.”** | **Jesus is deur Judas Iskariot verraai vir dertig stukke silwer. Kyk hoe is hierdie profesie vervul ongeveer 450 jaar later: Matteus 26:14-16: “[14]Toe gaan een van die twaalf, met die naam van Judas Iskáriot, na die owerpriesters [15]en sê: Wat wil u my gee, en ek sal Hom aan u oorlewer? En hulle het vir hom dertig silwerstukke afgeweeg. [16]En van toe af het hy ’n goeie geleentheid gesoek om Hom oor te lewer.”**<br><br>**Nie net is die dertig silwermuntstukke akkuraat voorspel deur Sagaria nie, maar selfs ook die feit dat die muntstukke in die Tempel gegooi is, en dat die geld later by die pottebakker op geëindig het! Matteus 27:3-7: “[3]Daarna het Judas, sy verraaier, toe hy sien dat Hy veroordeel was, berou gekry en die dertig silwerstukke teruggebring na die owerpriesters en die ouderlinge [4]en gesê: Ek het gesondig deur onskuldige bloed te verraai. Maar hulle sê: Wat gaan dit ons aan? Jy kan toesien! [5]En hy het die silwerstukke in die tempel neergegooi en weggeloop en homself gaan ophang. [6]En die owerpriesters het die silwerstukke geneem en gesê: Dit is nie geoorloof om dit in die skatkis te stort nie, omdat dit bloedgeld is. [7]En nadat hulle saam raad gehou het, het hulle die stuk grond van die pottebakker daarmee gekoop as ’n begraafplaas vir vreemdelinge.”** |

# Die Messias se bene sal nie aan die kruis gebreek word nie

| | |
|---|---|
| Ongeveer 1250 voor Christus is Paasfees ingestel. Die opdrag van die Here aan Moses en Aäron, met betrekking tot die paaslam, was as volg: Eksodus 12:46: "In een huis moet dit geëet word; jy mag niks van die vleis uit die huis buitentoe bring nie; en julle mag geen been daarvan breek nie." (Sien ook Numeri 9:12) | Die evangelieskrywer, Johannes, wat self by die kruis teenwoordig was, getuig is volg: Johannes 19:32-37: "[32]Die soldate het toe gekom en die bene van die eerste een gebreek en van die ander een wat saam met Hom gekruisig was; [33]maar toe hulle by Jesus kom en sien dat Hy al dood was, het hulle sy bene nie gebreek nie. [34]Maar een van die soldate het met 'n spies in sy sy gesteek, en dadelik het daar bloed en water uitgekom. [35]En hy wat dit gesien het, het dit getuig, en sy getuienis is waaragtig; en hy weet dat hy die waarheid spreek, sodat julle kan glo. [36]Want hierdie dinge het gebeur, dat die Skrif vervul sou word: Geen been van Hom sal gebreek word nie. [37]En weer sê 'n ander Skrif: Hulle sal sien in wie hulle gesteek het." |

# Die Messias se woorde en gebeure rondom die kruis

| | |
|---|---|
| Die Psalms is die taal van bo-menslike (wonderlike) ervaring en openbaring. Ongeveer 1000 jaar voor Christus skryf Dawid soos volg: Psalm 22:2: "My God, my God, waarom het U my verlaat, ver van my hulp, van die woorde van my gebrul?"<br><br>Psalm 22:17-19: "[17]Want honde het my omsingel; 'n bende kwaaddoeners het my omring; hulle het my hande en my voete deurgrawe. [18]Al my beendere kan ek tel; húlle kyk, hulle sien met welgevalle op my neer! [19]Hulle verdeel my klere onder mekaar en werp die lot oor my gewaad."<br><br>Psalm 69:22: "En hulle het aan my gal gegee as my spys, en vir my dors het hulle my asyn laat drink." | Kyk na Jesus se woorde toe Hy aan die kruis gehang het: Markus 15:33-34: "[33]En toe dit die sesde uur was, kom daar duisternis oor die hele aarde tot die negende uur toe. [34]En die negende uur het Jesus met 'n groot stem uitgeroep en gesê: Eloï, Eloï, lamma sabagtáni? wat, as dit vertaal word, beteken: My God, my God, waarom het U My verlaat?"<br><br>Sien ook wat Jesus om Hom sien gebeur het vanaf die kruis. Hierdie woorde is geskryf deur die apostel Johannes wat by Jesus, by die kruis, bly staan het, saam met Maria. Hy getuig dus van wat hy self gesien het:<br><br>Johannes 19:23-24: "[23]En toe die soldate Jesus gekruisig het, neem hulle sy klere en maak vier dele, vir elke soldaat 'n deel, en die onderkleed; maar die onderkleed was sonder naat, van bo af in een stuk gewewe. [24]En hulle het vir mekaar gesê: Laat ons dit nie skeur nie, maar laat ons die lot daaroor werp, wie s'n dit sal wees — sodat die Skrif vervul sou word wat sê: Hulle het my klere onder mekaar verdeel en oor my gewaad het hulle die lot gewerp. Dit het die soldate dan gedoen."<br><br>Johannes 19:28-30: "[28]Hierna, omdat Hy geweet het dat alles al volbring was — sodat die Skrif vervul sou word — het Jesus gesê: Ek het dors! [29]En daar het 'n kan vol asyn gestaan; en hulle het 'n spons met asyn gevul en op 'n hisopstingel gesit en aan sy mond gebring. [30]En toe Jesus die asyn geneem het, sê Hy: Dit is volbring! En Hy het sy hoof gebuig en die gees gegee." |

# Die Messias sal uit die dood opstaan

Ongeveer 1000 jaar voor Christus: Psalm 16:10: "want U sal my siel aan die doderyk nie oorgee nie; U sal nie toelaat dat u gunsgenoot verderwing sien nie." In die oorspronklike Hebreeuse Geskrifte word hier verwys na die "Heilige Een" wat duidelik nie na Dawid self verwys nie. Dieselfde word gesien in Psalm 4:4.

Sien ook Psalm 30:4: "HERE, U het my siel uit die doderyk laat opkom; U het my lewend gemaak uit die wat in die kuil neerdaal."

In Psalm 22, reeds voorheen aangehaal, kan gesien word dat die kruisiging van die Messias deur Dawid gesien is.

Sien ook Jona 1:17- 2:2: "[1:17]En die Here het 'n groot vis beskik om Jona in te sluk; en Jona was drie dae en drie nagte in die ingewande van die vis. Jona in die vis; sy gebed en verlossing. [2:1]EN Jona het tot die Here sy God gebid uit die ingewande van die vis [2]en gesê: Uit my benoudheid het ek die Here aangeroep, en Hy het my verhoor; uit die binneste van die doderyk het ek geroep om hulp — U het my stem gehoor."

Op die dag van die Fees van Eerste Vrugte, wat reeds vir 1500 jaar gevier is, het die Messias uit die dood opgestaan as Eerste Vrugte na die ewige lewe: Johannes 20:11-17: "[11]MAAR Maria het buitekant by die graf gestaan en ween; en terwyl sy ween, buk sy na die graf toe [12]en sien twee engele daar sit met wit klere aan, een by die hoof en een by die voete waar die liggaam van Jesus gelê het. [13]En hulle sê vir haar: Vrou, waarom ween jy? Sy antwoord hulle: Omdat hulle my Here weggeneem het, en ek weet nie waar hulle Hom neergelê het nie. [14]En toe sy dit gesê het, draai sy haar om agtertoe en sien Jesus staan, en sy het nie geweet dat dit Jesus was nie. [15]Jesus sê vir haar: Vrou, waarom ween jy? Wie soek jy? Sy het gedink dat dit die tuinier was en antwoord hom: Meneer, as u Hom weggedra het, sê vir my waar u Hom neergelê het, en ek sal Hom wegneem. [16]Jesus sê vir haar: Maria! Sy draai haar om en sê vir Hom: Rabboeni! dit beteken Meester. [17]Jesus sê vir haar: Raak My nie aan nie, want Ek het nog nie opgevaar na my Vader nie; maar gaan na my broeders en sê vir hulle: Ek vaar op na my Vader en julle Vader, en my God en julle God."

Jesus bevestig die Ou Testamentiese Jona as 'n voorspelling van Sy Kruisiging en opstanding uit die dood: Matteus 12:40: "Want soos Jona drie dae en drie nagte in die buik van die groot vis was, só sal die Seun van die mens drie dae en drie nagte in die hart van die aarde wees."

# Die Aangesig van God – Die Engel van die Here – Jesus Christus

Wie is die Engel van die Here?

**Die mens kan God die Vader nie sien nie**. Deur Sy genade het Hy Hom deur Sy Seun Jesus Christus aan ons openbaar:

- Maleagi 3:1-2 (53 vertaling): *"[1]Kyk, Ek stuur my boodskapper wat die weg voor My uit sal baan; dan sal skielik na sy tempel kom die Here na wie julle soek, naamlik **die Engel van die verbond**, na wie julle 'n begeerte het. Kyk, Hy kom, sê die Here van die leërskare. [2]Maar wie kan die dag van sy koms verdra? En wie kan standhou as Hy verskyn? Want Hy sal wees soos die vuur van die smelter en soos die loog van die wassers."*
- **Wie het aan Abram verskyn?:** Genesis 17:1: *"Toe Abram nege-en-negentig jaar oud was, het die Here aan Abram verskyn en vir hom gesê: Ek is God, die Almagtige; wandel voor my aangesig, dan sal jy opreg wees."* Ons kan vandag dit verstaan dat dit Jesus was wat aan Abram verskyn het.
- **Wie keer dat Isak geoffer word:** Genesis 22:10-12: *"[10]Net toe Abraham die mes vat om sy seun te slag, [11]roep die Engel van die Here uit die hemel na hom: 'Abraham, Abraham!' Hy het geantwoord: 'Hier is ek!' [12]Toe sê God: 'Los jou Seun! Moenie iets aan hom doen nie. Nou weet Ek dat jy My dien: jy het nie geweier om jou seun, jou enigste seun, aan My te offer nie.'"* Jesus is Self die Lam van God, Hy is die Engel van die Here wat aan Abram verskyn het.
- **Wie het Jakob gesien?** Genesis 32:29-30 (53 vertaling): *"[29]Toe sê Jakob: 'Sê tog jou naam,' en die man vra: 'Waarom vra jy my naam?' Hy het vir Jakob net daar geseën, [30]en Jakob het die plek Pniël genoem, 'want,' het hy gesê, 'ek het God van aangesig tot aangesig gesien en tog het ek nie omgekom nie."*
- **Wie het aan Moses verskyn in die brandende doringbos?** Eksodus 3:2-4: *"Toe verskyn die Engel van die Here aan hom in 'n vlam binne-in 'n doringbos………[4]Toe die Here sien dat hy nader kom om te kyk, roep God na hom uit die doringbos: 'Moses! Moses!'"* Let op in vers 1 dat hierdie gebeurtenis by Horeb (Sinai) plaasgevind het. Dit is duidelik dat wanneer daar in die Ou Testament verwys word na "die Engel van die Here", is verwys na Jesus. Dit is anders as wat daar verwys word na "'n engel van die Here".

# Die Aangesig van God – Die Engel van die Here – Jesus Christus

- **Wie het saam met die Israeliete in ‘n wolkkolom getrek?** Eksodus 14:19: *“Die Engel van God wat altyd voor die Israeliete uit beweeg het terwyl hulle getrek het, het nou agter hulle plek ingeneem. Ook die wolkkolom wat voor hulle was, het agter hulle ingeskuif.”* Jesus was saam met hulle in die woestyn.
- **Wie het telkens met Moses gepraat?** Numeri 12:4-8: *“4Die Here het onmiddellik vir Moses, Aäron en Mirjam gesê: ‘Gaan julle aldrie na die tent van ontmoeting toe!’ En hulle drie het gegaan. 5Die Here het toe in ‘n wolk afgekom, by die ingang van die tent gaan staan en Aäron en Mirjam nader geroep……...7Maar met my dienaar Moses is dit anders. Hy is die betroubaarste in my diens. 8Met hóm praat Ek direk en persoonlik, nie in raaisels nie. Hy sien selfs die gestalte van die Here…”* Al Gestalte van die Here wat die mens kan sien, is Jesus.
- **Jesus, die Bevelvoerder van die leër van die Here:** Josua 5:13-15 *“13Josua was naby Jerigo. Toe hy sien, staan daar ‘n man voor hom met ‘n ontblote swaard in die hand. Josua het na hom toe gegaan en hom gevra: ‘Is u aan ons kant of aan ons vyande s’n?’ 14’Nee’, sê die man, ‘ek is die aanvoerder van die leër van die Here. Daarom is ek hier.’ Josua het diep gebuig en vir die man gesê: ‘Wat wil u aan my, u dienaar, sê?’ 15Toe sê die leëraanvoerder van die Here vir Josua: ‘Trek jou skoene uit, want die plek waarop jy staan, is ‘n gewyde plek.’ Josua het dit gedoen.”*
- **Jesus verskyn aan Simson se ma** in Rigters 13:2-5: *“2Daar was ‘n man uit Sora uit die stam van Dan. Sy naam was Manoag. Sy vrou was kinderloos. 3Die Engel van die Here het aan haar verskyn en vir haar gesê: ‘Jy is nou kinderloos, maar jy sal swanger word en ‘n seun in die wêreld bring. 4Jy moet jouself goed oppas en nie wyn of bier drink nie en ook nie iets onreins eet nie. 5Trouens, jy is reeds swanger en jy sal ‘n seun in die wêreld bring. Sy hare mag nie geskeer word nie, want die kind sal van sy geboorte af aan God gewy wees. Hy sal die Israeliete begin red uit die mag van die Filistyne.’”* (Engel van Here gee dieselfde boodskap aan Abraham en Sarai Genesis 17:19).

# Die Aangesig van God – Die Engel van die Here – Jesus Christus

## Die Engel van die Here, die Wese van God, het mens geword en tussen ons kom woon

- **<u>Matteus 1:19-20</u>**: *“[19]Haar verloofde, Josef, wat aan die wet van Moses getrou was maar haar tog nie in die openbaar tot skande wou maak nie, het hom voorgeneem om die verlowing stilweg te verbreek. [20]Terwyl hy dit in gedagte gehad het, het daar ‘n <u>e</u>ngel van die Here in ‘n droom aan hom verskyn en gesê: “Josef, seun van Dawid, moenie bang wees om met Maria te trou nie, want wat in haar verwek is, kom van die Heilige Gees.”* Waar is die Engel van die Here, hoekom het die Messias nie Self die boodskap gebring soos in die ander gevalle nie? Die Messias was reeds in die baarmoeder van Maria.
- Die swangerskap het van die Here gekom, dus is Jesus die Seun van God.
- **<u>Matteus 1:18</u>**: *“…..Toe sy moeder Maria nog aan Josef verloof was, het dit geblyk dat sy swanger is sonder dat hulle gemeenskap gehad het. Die swangerskap het van die Heilige Gees gekom.”*

## Die Aangesig van die Here op aarde

- Jesaja 63:9 (53 vertaling): *“In al hulle benoudheid was Hy benoud, en die <u>Engel van sy aangesig</u> het hulle verlos; deur sy liefde en deur sy medelyde het Hý hulle verlos; en Hy het hulle opgehef en hulle gedra, al die dae van die ou tyd.”*
- **<u>Paulus verduidelik in Kolossense 1:15-16</u>**: *“[15]Die Seun is die Beeld van God, van God wat nie self gesien kan word nie. Die Seun is die Eerste, verhewe bo die hele skepping. [16]God het deur Hom alles geskep wat in die hemel en op aarde is: alles wat gesien kan word en alles wat nie gesien kan word nie, konings, heersers, maghebbers, gesagvoerders. Alles is deur Hom en vir Hom geskep.”*

# Die Priesterorde van Melgisedek

## Wie was Melgisedek? Die koning van Jerusalem en priester van God

- Genesis 14:18-20: *"[18]Melgisedek, koning van Salem en priester van God die Allerhoogste, het vir Abram kos en wyn gebring [19]en hom geseën: 'Mag Abram geseën word deur God die Allerhoogste, Skepper van hemel en aarde. [20]Geloof sy God die Allerhoogste! Hy het jou vyand in jou mag oorgegee.' Toe het Abram vir Melgisedek 'n tiende van alles gegee."*
- Die gebied Jerusalem: Salem word deur sommige gesien as 'n afkorting vir Jerusalem maar is wel met die verloop van tyd aan Jerusalem gekoppel. Van die begin van alle tye af het die Here reeds die gebied Jerusalem uitverkies vir die plek waar Hy Sy Naam gaan vestig. Geen ander buite-Bybelse gebou of ritueel of profeet of energie, of wat ook-al, kan hierby kers vashou nie.

## Nie van Levitiese afstamming en Abraham se meerdere

- Melgisedek het reeds tiendes van Abraham ontvang en is beskou as Abraham se meerdere: Hebreërs 7:6-7: *"[6]Maar Melgisedek, wat nie van Levitiese afstamming was nie, het van Abraham 'n tiende geneem en hom, aan wie God sy beloftes gegee het, geseën. [7]Dit is onbetwisbaar dat dit altyd die mindere is wat deur die meerdere geseën word."*\

## Geregtigheid en vrede is in hierdie priester koning beliggaam

- Priesters het die volk gelei in die uitvoering van die wet en in gehoorsaamheid tot God. Die hoë priester het selfs een-keer per jaar in die allerheiligste van die Tempel ingegaan ter verootmoediging van die hele volk se sonde. Hy het dus names die volk ingestaan voor die Here (meer hieroor later).
- Die naam Melgisedek beteken: koning van geregtigheid; Koning van Salem beteken: koning van vrede; Dit wat elke mens wil hê, *geregtigheid en vrede* word in hierdie priester koning beliggaam.

# Die Priesterorde van Melgisedek

## Hy is soos die Seun van God en bly priester vir altyd

- Daar word niks oor sy geslagsregister gesê nie, en ook niks van sy einde van sy lewe nie. Daarom is en bly hy, soos die Seun van God, priester vir altyd
- Hebreërs 7:1-3: *“[1]Melgisedek was koning van Salem en priester van God die Allerhoogste. Dit is Melgisedek wat vir Abraham tegemoet gegaan en hom geseën het toe Abraham op pad terug was nadat hy die konings verslaan het, [2]en dit is ook aan hom dat Abraham ‘n tiende van die oorlogsbuit gegee het. In die eerste plek, sy naam Melgisedek beteken: koning van vrede. [3]Niks bekend omtrent sy vader en moeder of sy afstamming  of die begin en die einde van sy lewe nie. Hy is soos die Seun van God en hy bly priester vir altyd.”*

# Het Jesus Sy lewe so gelewe om die profesieë te vervul?

- Sommige ongelowige skeptici beweer dat Jesus Sy lewe so gelewe het om die profesieë te vervul. Hier volg ‘n paar voorbeelde van profesieë wat onmoontlik was vir Jesus, en Sy dissipels, om vooraf te beplan en na te boots indien hulle vals was:
  - Die dertig stukke silwer wat die Sanhedrin vir Judas aangebied het om Jesus te verraai. Sagaria 11:12: *“ Ek het vir hulle gesê: ‘as julle wil, gee my my loon; as julle nie wil nie, laat staan dit.’ Hulle het toe my loon afgeweeg, dertig stukke silwer.”* (Ongeveer 450 jaar voor Christus)
  - Die geboorte in Bethlehem: Miga 5:1-2
  - Die tydperk wat Hy gekruisig sou word: Daniël 9:22-26
  - Dat Sy bene nie gebreek sou word nie. Dit is onmoontlik dat die soldate Jesus sou doodmaak deur te weet dat dit deel van ‘n leuen sou wees om na die tyd nie Sy bene te breek nie.
  - Wie sou die natuurverskynsels, soos duisternis (Amos 8:9-10), wat werklik gebeur het, laat plaasvind het indien dit net mense was wat betrokke was?

# Het Jesus Sy lewe so gelewe om die profesieë te vervul?

- Daar is ook talle ander **parallelle en prototipes** in die Bybel wat die Messias profeteer. Voorbeelde, wat in ander Hoofstukke behandel word, is as volg:

    - Die hele tabernakel wat wys na Jesus.
    - Die Naam van die Here
    - Die Ou en Nuwe Verbond
    - Die verbond naam: Israel
    - Die vertroue op die Here se beloftes: Jesaja 8:17: "*Ek vertrou op die Here wat Hom vir die nageslag van Jakob verberg, op Hom hoop ek.*" Sien ook Hebreërs 2:13a: "*Ook sê Hy: 'Ek sal altyd op Hom vertrou.'*" (24, p965)
    - Die priesterorde van Melgisedek
    - Prototipes soos Moses en Josua
    - Die Messiaanse realiteit, en profetiese realiteit, in die feeste van die Here
    - Die Tempeldiens
    - Die Eenheid in die Bybel (sien Bybelstudies: www.matthew28.co.za)
    - Die nageslag van Dawid

- Sien nog profesieë oor Christus: Genesis 3:15; Psalm 2:7-9, 16:9-11, 22: 14-25, 30:2-9, 40: 1-3, 110:1, 118: 21-24; Hosea 5:15 – 6:3; Sagaria 12: 10 en Jona wat na drie dae deur die vis uitgespoeg is